

Invitation Uitnodiging Taletšo



Faculty of Health Sciences

Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Lefapha la Disaense tša Maphelo

Public lecture by Prof Paulo Gouveia de Almeida,
University NOVA of Lisboa, Portugal.

Openbare lesing deur Prof Paulo Gouveia de Almeida,
NOVA-universiteit, Lissabon, Portugal.

06/04/2017

www.up.ac.za



Prof Marietjie Venter, Head of the Emerging Vector-borne and Respiratory Virus Research Group at the Centre for Viral Zoonoses in the Faculty of Health Sciences of the University of Pretoria (UP), cordially invites you to a public lecture titled, 'Vector-borne arbovirus epidemiology' by established visiting scholar, Prof Paulo Gouveia de Almeida. Prof Almeida is visiting UP as part of the Visiting Professor Programme.

Date 6 April 2017
Time 11:00 to 12:00 (guests are requested to take their seats by at 10:45)
Venue Pathology Training Centre, Room 3-73, Pathology Building, Prinshof Campus
RSVP fundie.nсібанде@up.ac.za by 5 April 2017

In his lecture, Prof Almeida will give an introduction to the bioecology of arboviruses and mosquitoes. Studies aimed at identifying mosquito vectors and surveys on the presence of West Nile virus in Portugal will be presented. Further studies have focussed on monitoring and surveillance in different ecological settings in the face of climate change and human-made environmental changes, such as the building of dams, with risk analysis of mosquito-borne emerging and re-emerging diseases. These studies were undertaken in collaboration with remote detection specialists.

Prof Almeida will report on collaboration with UP's Centre for Viral Zoonoses (UP CVZ) on the bioecology of mosquito vectors of arboviruses in some areas of South Africa with the focus on species composition, seasonal dynamics, viral screening and molecular systematics.

Brief biographical sketch

Paulo Gouveia de Almeida is an associate professor in Medical Entomology/Parasitology at the Institute of Hygiene and Tropical Medicine, University NOVA of Lisboa, Portugal (<http://www.ihmt.unl.pt/en/teaching-and-research-units/>). Since 2011 he has been a visiting and extraordinary professor at UP CVZ collaborating with Prof M Venter.

He holds the following academic qualifications: a medical degree from the University of Lisbon; a diploma in Tropical Medicine and Hygiene from the Royal College of Physicians, London; an MSc in Medical Parasitology from the London School of Hygiene & Tropical Medicine and a PhD in Medical Entomology/Parasitology from the Imperial College of Science, Technology and Medicine (ICSTM), University of London.

He researches and teaches Medical Entomology and Parasitology, has coordinated the MSc course in Medical Parasitology at University NOVA of Lisboa, Portugal and has also taught at the universities of Oporto and Algarve, as well as other faculties in Portugal, and the University Eduardo Mondlane in Maputo, Mozambique.

His main areas of interest are anti-vector (mosquito and tick) immunity and vector-parasite relationships; mosquito vectors of arboviruses (West Nile fever and dengue), malaria, filariasis, vector incrimination, and epidemiology; mosquito systematics, molecular biology, bioecology, and surveillance and control studies in different ecological settings; climate change; and risk analysis of mosquito-borne diseases. He has led various research projects in these fields, supervised several postgraduate degrees, and acted as a consultant for the Portuguese National Directorate of Health and the European Centre for Disease Control (ECDC).

Prof Almeida has authored or co-authored more than 48 peer-reviewed publications and book chapters.

Prof Marietjie Venter, Hoof van die Navorsingsgroep oor Opkomende Vektorgedraagde en Respiratoriese Virusse (Emerging Vector-borne and Respiratory Virus Research Group) in die Sentrum vir Virale Soönoses in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van Pretoria (UP), nooi u vriendelik uit na 'n openbare lesing getitel, 'Vector-borne arbovirus epidemiology' deur prof Paulo Gouveia de Almeida, 'n gerekende, besoekende vakkundige op dié gebied. Prof Almeida se besoek aan UP maak deel uit van die Program vir Besoekende Professore.

Datum 6 April 2017
Tyd 11:00 tot 12:00 (gaste word versoek om hul plekke om 10:45 in te neem)
Lokaal Patologie-opleiding Sentrum, Kamer 3-73, Patologiegebou, Prinshofkampus
RSVP fundie.nсібанде@up.ac.za teen 5 April 2017

In sy lesing sal Prof Almeida 'n inleiding gee tot die bioëkologie van arbovirusse en muskiete. Studies gemik op die identifikasie van muskietvektore en opnames oor die teenwoordigheid van die West Nile virus in Portugal sal aangebied word.

In verdere ondersoeke fokus prof Almeida in sy navorsing op monitering en waarneming in verskillende ekologiese opsette te midde van klimaatsverandering en mensgemaakte omgewingsveranderinge, soos die bou van damme, met risiko-analise van opkomende muskietgedraagde siektes asook muskietgedraagde siektes wat weer voorkom. Dié studies is in samewerking met afstandsofsporing spesialiste onderneem.

Prof Almeida sal verslag lewer oor samewerking met UP se Sentrum vir Virale Soönoses (UP CVZ), oor die bioëkologie van die muskietvektore van arbovirusse in sekere gebiede van Suid-Afrika ten opsigte van spesiesamestelling, seisoenale dinamika, virale sifting en molekulêre sistematika.

Kort biografiese skets

Paulo Gouveia de Almeida is 'n medeprofessor in Mediese Entomologie/Parasitologie aan die Instituut vir Higiëne en Tropiese Medisyne, NOVA-universiteit, Lissabon, Portugal (<http://www.ihmt.unl.pt/en/teaching-and-research-units/>). Hy is sedert 2011 'n besoekende en buitengewone professor verbonde aan UP CVZ waar hy 'n medewerker van prof M Venter is. Hy het die volgende akademiese kwalifikasies behaal: 'n graad in geneeskunde aan die Universiteit van Lissabon; 'n diploma in Tropiese Geneeskunde en Higiëne aan die Royal College of Physicians, Londen; 'n MSc in Mediese Parasitologie aan die Londense Skool vir Higiëne & Tropiese Geneeskunde; en 'n PhD in Mediese Entomologie/Parasitologie aan die Imperial College of Science, Technology and Medicine (ICSTM), Universiteit van Londen.

Hy doen navorsing oor en gee onderrig in Mediese Entomologie en Parasitologie en het die MSc kursus in Mediese Parasitologie gekoördineer aan die NOVA-universiteit, Lissabon, Portugal en het ook aan die universiteite van Oporto en Algarve, sowel as ander instansies in Portugal en by die Universiteit Eduardo Mondlane in Maputo, Mosambiek klas gegee. Sy hoofbelangstellings is anti-vektor- (muskiet en bosluis) immuniteit en vektor-parasietverhoudings; muskiet vektore van arbovirusse (West Nile- en Dengue koors), malaria, filariase, vektor inkriminasie en epidemiologie; muskietsistematika, molekulêre biologie, bioëkologie, en waarneming- en kontrolestudies in verskillende ekologiese opsette; klimaatsverandering; en risiko-analise van muskietgedraagde siektes. Hy het verskeie navorsingsprojekte in hierdie vakgebiede geleë, as toesighouer vir verskeie nagraadse studente opgetree en was 'n konsultant vir die Portugese Nasionale Direkoraat van Gesondheid en die Europese Sentrum vir Siektebeheer (ECDC).

Prof Almeida was die outeur of medeouteur van meer as 48 portuurbeoordeelde publikasies en boekhoofstukke.